# Rogate Eksodus 32: 7-14

7 *Die Here het vir Moses gesê: “Gaan af, want jou volk wat jy uit Egipteland laat optrek het, het hulle wangedra. 8 *Hulle het gou weggedraai van die pad wat Ek hulle beveel het. Hulle het vir hulle 'n gegote kalf gemaak; hulle het voor die kalf in aanbidding gebuig en offers daarvoor gebring. Hulle het gesê, ‘Dit is jou gode, Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het.’ ” 9 *Die Here het ook vir Moses gesê: “Ek het hierdie volk deurgekyk – hulle is inderdaad 'n hardnekkige volk. 10 *Laat My dan nou met rus, sodat my toorn teen hulle kan ontbrand en Ek hulle kan vernietig. Ek sal jou dan 'n groot nasie maak.” 11 *Moses het egter die Here sy God goedgesind probeer stem en gesê: “Waarom, Here, moet u toorn brand teen u volk vir wie U uit Egipteland gelei het met groot krag en 'n sterk hand? 12 Waarom sou die Egiptenare sê, ‘Met 'n bose plan het Hy hulle uitgelei, om hulle in die berge om te bring en hulle van die aardbodem af uit te delg’? Laat vaar u brandende toorn en kry tog spyt oor die onheil teen u volk! 13 *Dink aan Abraham, Isak en Israel, u diensknegte vir wie U by Uself gesweer en vir hulle gesê het, ‘Ek sal julle nageslag so baie laat word soos die sterre aan die hemelruim; en hierdie hele land wat Ek gesê het Ek vir julle nageslag sal gee, sal hulle vir altyd as erfdeel ontvang.’ ” 14 *Die Here het toe spyt gekry oor die onheil wat Hy gesê het Hy sy volk sou aandoen.

Liewe Gemeente

God, Yahweh, Ek is wie ek is, die God van Abraham, Isak en Jakob, het die geskreeu van die afstammelinge van Jakob in Egipte gehoor. Deur Moses het hy hulle met magtige hand uit Egipte bevry. Toe hulle tussen Rietsee en die leër van die Farao vasgekeer was, het hy 'n pad vir hulle oopgemaak. Toe hulle nie water gehad het nie, het hy water uit 'n klip laat vloei. Toe hulle nie kos gehad het nie, het hy hulle manna en kwartels gegee. Teen vyandige stamme het hy hulle oorwinning gegee. Hy het hulle soveel bewyse van sy mag, sy liefde, sy guns gegee.

Nou is hulle by die berg van God, Sinaï. God het Moses geroep om bo-op die berg, alleen, die Wet, die wegwysing van God te ontvang. God het reeds die tien gebooie vir die volk gegee – vooraan: Geen ander gode, maak geen beelde nie.

Moses is lank bo-op die berg. Die Israeliete het begin bekommerd raak: Sal Moses ooit weer afkom? As hy nie weer kom nie, wat het ons om aan vas te hou? Ons het tog iets nodig om God te verteenwoordig – ons kan tog nie sommer in die niks in bid nie. Hulle laat Aaron 'n standbeeld van goud maak – 'n bul: Die grootste, sterkste mak dier.

Hulle wil dit a 'n beeld van God, van Yahweh sien.

Maar – bo op die berg – is God toornig.

Juis het hy vir die volk gesê: Moenie beelde maak nie – en daar maak hulle 'n beeld en aanbid dit.

Soveel het God vir die volk gedoen – en so veel keer het hulle gemurmureer en gekla, en God het dit verduur, en weer en weer gehelp en gegee en gelei. Nou is sy geduld op. "Ek kry dit nie reg om die harte van hierdie volk te verander nie – ek moet maar voor begin om 'n volk te skep, met Moses!"

Maar Moses praat met God. Hy maak nie verskonings vir die volk nie. Hy praat nie hulle sonde klein nie. Hy appelleer aan God om God se ontwil: Wat sal die volkere sê? Wat von U beloftes, God? Is dit die beeld wat U van Uself wil laat uitgaan – 'n God wat sy volk, aan wie hy beloftes gemaak het, vernietig?

Dit laat God van plan verander.

Ons gebed kan God van plan laat verander. Maar dit is nie hoe hard ons skreeu, of watter woorde ons gebruik, of hoe ernstig ons is, wat God beïnvloed nie. Ons kan God herinner aan dit wat God belowe het – en wat tot God se eer strek. Waar ons meer oor God as onsself begaan is, daar hoor God ons gebede, en laat homself deur ons gebede beïnvloed.

God is nie 'n verre, ongenaakbare en onveranderbare wese nie – God is persoon, wat met ons in 'n verhouding wil wees, wat na ons luister en vir ons omgee.

Ons Sondag se naam is Rogate – bid! En ons mag al ons bedes, al ons behoeftes na God toe bring. God luister werklik – en hy kan deur ons gebed hom laat beweeg om planne te verander. Veral daar, waar ons gebede met God se wese ooreenkom – met God se wese van barmhartigheid en liefde – daar hoor God, en verhoor gebede.

God laat homself tot barmhartigheid omstem. Weer en weer is God bereid om die sonde van die mens te verdra, te verduur – omdat hy barmhartig is.

Wat sê hierdie storie vir ons? Ons maak tog nie goue beelde van Bulkalwers om dit te aanbid nie!

Nee – maar probeer ons nie miskien tog om 'n manier te kry om God handhaafbaar te maak nie? 'n Handvatsel om God te kan hanteer nie? Maak ons God nie miskien vas aan plekke of leerstellings of instellings nie? God laat homself nie vasvang om deur ons gemanipuleer te word nie. Nee, God is vry, en waar ons mense hom probeer voor ons karretjies span, daar onttrek hy hom van ons.

Maar waar ons tot God nader in gebed, waar ons God aan sy barmhartigheid, sy beloftes, sy toewending tot ons mense herinner – daar hoor God in alle vryheid, en in alle liefde en barmhartigheid.
Amen.